Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 48: 29 MEI 2015

AL WEER EKSAMEN!

Die Toetsreeks van die eerste kwartaal is nog vars in die geheue en hier is dit al weer eksamentyd! Sekerlik is daar iewers 'n "derde mag" doenig om komplotte te smee teen onskuldige tieners wat net probeer om die lewe te geniet!

Tog is dit so dat elkeen eintlik moet juig oor eksamens, want op die ou end is dit juis hierdie geleenthede van toetsing wat 'n redelike aanduiding kan gee oor in watter mate die leerstof baasgeraak is. Ons moet tog immers iets leer, of hoe?

Ondanks die pessimisme waarmee die hedendaagse Senior Sertifikaat dalk bejeën word, bly daardie stukkie papier een van die belangrikste sleutels tot die deur na 'n suksesvolle volwasse lewe. Nie noodwendig die belangrikste nie, maar wel die sleutel waarvoor die meeste gevra gaan word. Gryp dus die geleentheid positief aan. Stel realistiese doelwitte en werk hard om dit te verwesenlik. Lees gerus op die laaste bladsy oor ons oud-leerders wat ongelooflike akademiese prestasies behaal het.

Die eksamenrooster is by die elektroniese weergawe van hierdie uitgawe aangeheg. Elke leerder ontvang ook vandag 'n brief rakende die eksamenreëlings, waarby die eksamenrooster aangeheg is. Neem assebleif kennis dat ons volgende week die sportprogram afsluit met die rugby-, netbal- en hokkiewedtsryde teen Brandwag. Oefeninge gaan dus normaal voort.

Personeel word bevorder

Twee van ons personeellede het die afgelope week die goeie nuus ontvang dat hulle bevorder is tot Departementshoofde, en ons wens hulle graag langs hierdie weg baie geluk.

Mev. Marion de Jager is hier by Framesby aangestel as Departementshoof, verantwoordelik vir die Handelsdepartement. Sy is tans die Graadhoof van die Graad 11's en die vakhoof vir Rekeningkunde.

Mnr. JP du Preez by die Hoërskool DF Malherbe as Departementshoof verantwoordelik vir Handelsvakke, aangestel. Hy sal ook daar as Sporthoof optree. Mnr. Du Preez is tans Graadhoof van die Graad 12's en ook vakhoof vir Besigheidstudies. Hy is mede-verantwoordelik vir leerlingleierskap en is ook een van die mede-afrigters van ons eerste rugbyspan. Dis jammer dat Framesby iemand van die kaliber van mnr. Du Preez verloor, maar ons weet dat ons verlies beslis DF Malherbe se wins is!

Baie sterkte aan beide hierdie kollegas.

ONNIE VAN DIE MAAND

Aangewys deur die personeel

Veels geluk aan Mnr. Chris van Niekerk

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Nicole Cornelius 9D
Tiaan Smit 12H

Sondag
Michaela Beukes 10E
Alida du Plessis 10E
Jason van Tonder 10B

Maandag
Lise Nel 10D
Marius van Rooyen 8B
Johannes van Staden 11A
Aletia van Zyl 10E
Jason-Lee Vermaak 8E

Dinsdag
Karika le Roux 12B
Gilberto Lucas 8C
Jurie Venter 8G

Woensdag
Mieke Stroebel 9G
Dewald van Niekerk 12H
Stefan van Rooyen 11D
Aneshia van Wyngaardt 11C
Shamonique Williams 9C

Donderdag
Tiaan Louwrens 12D
Jan Coetzee Pauw 8F
Janke Pienaar 11D
Adriaan van Tonder 8A

Vrydag
Chanté Botha 12F
Keith Carlson 12G
Nicolaas Meyer 8D
Caitlin Zeelie 10G

PRESTASIES EN UITSLAE

TOER NA DIE PAARL UITSTEKEND!

Verlede naweek het ‘n baie groot groep van ons leerders en onderwysers in 8 busse die pad na die Kaap aangepak om teen die Hoër Landbouskool Boland en die Hoër Meisieskool La Rochelle in rugby, netbal en hokkie te kompeteer. Omdat dit so ‘n groot groep was, het die Departement toestemming verleen dat die skool die Vrydag kon sluit.

Die busrit na die Paarl was ‘n belewenis, en het ook nie sonder voorvalle verloop nie. Alles het goed gegaan totdat die voorwiel van een van die hokkiebusse net voor Worcester gebars het. Gelukkig het die bestuurder die situasie uitstekend hanteer. Na ‘n baie lang gewag het die dogters uiteindelik half nege in die Paarl aangeland!

Op die rugbyveld het dit maar swaar gegaan en het slegs die O/14 C-span hul wedstryd gewen. Die meeste ander spanne het baie goed gespeel, maar moes die knie buig voor ‘n begeesterde Boland Landbou. Die eerstespan het die eerste keer in 8 wedstryde teen Boland Landbou met 16 – 37 verloor. Dit was ‘n baie harde wedstryd waarin Framesby uiteindelik duur moes betaal vir hul foute. Al die wedstryde is egter in ‘n baie goeie gees gespeel.

Ons hokkiespanne het gemengde welslae behaal en kon uit 10 wedstryde twee gelykop speel en een wen. Net soos by die rugby het ons dogters uitstekend gekompeteer en Framesby se naam hoog gegou. Die eerstespan het briljant gedoen deur die sterk span van La Rochelle met 1 – 0 te klop. Baie geluk!

Ons netbalspanne het baie goed gevaar deur 6 van die 11 wedstryde te wen en een gelykop te speel. Alhoewel ons eerstespan nie kon speel nie weens provinsiale verpligtinge, het al ons dogter ons BAIE trots gemaak. Die tweede span was die hoogtepunt en het hulle wedstryd 30 – 26 gewen. Pragtig meisies!

Die naweek is afgesluit met ‘n besoek aan Nuweland, waar die Stormers teen die Rebels gespeel het. Die terugreis deur die nag het sonder enige voorval verloop en almal was veilig tuis teen 9 uur die Sondagoggend.

Baie dankie aan al ons leerders vir hul UITSTEKENDE gedrag, ons afrigters vir hul groot opoffering, en in besonder mnre. Chris van Niekerk en Christo Scriven vir al die reëlings. Ook GROOT dank aan Boland Landbou en La Rochelle wat ons so hartlik ontvang het. Bo alles is ons ongelooflik dankbaar dat ons Hemelse Vader ons almal veilig bewaar het!



Dis ‘n FEES om op toer vir Framesby te wees!

ONNIE VAN DIE MAAND

MNR VAN NIEKERK OP SY POS BY DIE BUSSE!

NOG PRESTASIES EN BROKKIES

Baie trots op Saskia

Soos verlede week berig, gaan Saskia Westraad in Junie Suid-Afrika in Nederland tydens die Wêreldkampioenskappe in Karate verteenwoordig. Sterkte met al jou voorbereiding, Saskia. Ons weet dat jy intussen ook nog jou beste wil gee in die eksamen! Ons is BAIE trots op jou.

LANDLOOP PRESTEER ELKE BYEENKOMS!

Soos by die vorige byeenkoms wat by Framesby aangebied is, het ons landloopatlete weer baie goed gevaar tydens die ligabyeenkoms wat verlede week by Pearson aangebied is. Ons het weer geseëvier in al die ouderdomsgroepe, behalwe die dogters O/15. Hierdie span was oorgehaal om die bordjies te verhang, maar is gekortwiek deurdat twee van hul lede deur griep platgetrek is, en moes hulle ongelukkig weer die knie voor Pearson buig.

Baie geluk aan al ons atlete, maar spesifiek aan Vicky Oelofse wat die vinnigste tyd opgestel het en die O/15-wedloop gewen het, Lara de Bloe, wat die 2de vinnigste tyd opgestel het, en Shene Delport, wat eerste was in die Dogters O/16-afdeling.

SPORTPROGRAM SATERDAG 30 MEI

RUGBY vs HOëR LANDBOSKOOL MARLOW

TYD	A-Veld	TYD	B-Veld	TYD	C-Veld
09:30	O/14 A	**10:00**	4de	**10:00**	O/16 B
10:30	O/15 A	**11:10**	5de		
11:30	3de	**12:20**	O/15 B		
12:40	O/16 A	**13:15**	O/14B/O/15C		
13:50	2de				
15:00	1ste				

DOGTERSHOKKIE vs HOëRSKOOL CRADOCK

TYD	A-Veld	TYD	B-Veld
11:10	2de	**11:00**	5de
12:40	1ste	**11:50**	3de

Marlow is tradisioneel een van ons mees gedugte teenstanders en ons het reeds 'n jarelange verbintenis en geskiedenis van klipharde kompetisie. Kom ondersteun ons spanne!

GHOLFDAG

TEN BATE VAN FRAMESBY GHOLF

NUWE DATUM: 13 JUNIE

BAAN: LITTLE WALMER

ALLE FRAMESBY GHOLFSPELERS EN GHOLFSPELENDE VRIENDE WELKOM

KOM ONDERSTEUN ONS! PRYSE TE WEN! INSKRYWING R150

INSKRYWINGS BY KLUB: 041 581 1613

MB-OMGEEPROJEK

Die Omgeeprojek is hierdie kwartaal ten bate van Shephard's Field.

Elke klas word gevra om ten minste 2 sakkies met die volgende items in te skenk:

Mans-deoderant, 2 pakkies 2 minute noodles, 'n pakkie koekies, 'n blokkie seep, 'n blik koffie en 'n pakkie suiker.

Die klas wat die meeste ingesamel het sal 'n prys wen. Alle bydraes kan by die MB-lokaal ingehandig word. Onthou asb. om die Graad en Klasseksie op alle pakkies aan te dui.

'n IETSIE VIR DIE SIEL

Luister na die stem

DIT is vir ons blywend noodsaaklik om na die stem van God te luister. Die Bybel is één groot getuienis daarvan dat God met die mense praat. Dit geld ook vir ons, en as ons bereid is om na die stem van God te luister, sal ons weet wat Hy vir ons wil sê. Die stem van God kom op verskillende maniere na ons. Die kanaal waardeur ons die stem van God die suiwerste kan hoor, is uiteraard die Bybel. Die merkwaardige van die Bybel is dat dit die verhaal vertel van hoe God in die verlede met mense gepraat en met hulle omgegaan het. As ons hierdie verhaal lees, merk ons egter dat dié verhaal nie maar net iets van die verlede is nie, maar dat dit ons ook raak. God gebruik dit om daardeur ook met ons te praat. Tog praat God nie net deur die Bybelwoord met ons nie. Hy kan op allerlei maniere met ons praat. Christus is die ewige Woord van God, en Hy het mag om Homself van allerlei kanale te bedien om met ons te praat. Dikwels gebruik Hy die stem van ander mense om met ons te praat. Dit is nie net die stem van die prediker op die kansel wat vir ons die stem van God kan word nie. God kan ook die stem van ander Christene, en by geleentheid selfs van ongelowiges, gebruik om met ons te praat. Alle waarheid is God se waarheid. Dit kan gebeur dat ongelowiges insigte het wat van die waarheid getuig. Die kerk was altyd daarvan bewus dat die Griekse wysgere, heidense digters en selfs ateïste soms dinge kon sê waAarna die kerk om Christus ontwil moet luister. Dikwels praat God egter ook met ons deur gebeurtenisse, soos bv. deur skokkende dinge wat gebeur, deur die gang van die geskiedenis of deur dinge wat in ons persoonlike lewe voorval. Soms kom die stem van God tot ons in teenspoed, soms praat Hy met ons deur lyding en rampe. Dit pas ons om by elke ding wat met ons gebeur, te vra wat God eintlik daarmee aan ons wil sê. Natuurlik kan 'n mens die stem van God wat tot jou uit gebeurtenisse kom, maklik misverstaan. Daarom moet ons dit altyd in die lig van die Bybel interpreteer. Die Bybel is die maatstaf vir alles wat God aan ons sê, al gebruik Hy ook ander kanale waardeur Hy met ons praat. In sy verkondiging moet die kerk altyd van die geskrewe Woord van God uitgaan. Daarmee moet hy ook alle stemme beoordeel wat tot hom kom, om te verstaan wat God daardeur aan hom wil sê. Maar die kerk moet versigtig wees om nie agteloos verby te gaan aan die stem van God wat ook langs ander kanale tot hom kom nie. Die kerk moet ook let op die tekens van die tye en veral in tye van beproewing en verwarring soos dié wat ons tans belewe, dubbel versigtig wees om nie horende doof te wees vir die skrif van God aan die muur van ons bestaan nie. Dit sou volkome onverantwoordelik wees.

Uit *Die Burger* 11 Oktober 1986

Oud-leerder verwerf haar Doktorsgraad!

Een van ons oud-leerders wat in 1995 hier gematrikuleer het met 'n A-gemiddeld en verskeie vak-onderskeidings ,**Michelle du Plessis,** nou **Michelle Daya**, het tydens die onlangse grade-plegtigheid van die Universiteit van Stellenbosch haar Doktorsgraad in Geneeskunde ontvang. Haar navorsingsveld is Menslike Genetika, en haar studie het gefokus op Tuberkulose. Dis 'n ongelooflike prestasie en sy sluit haar aan by die reeds lang lys van oud-leerders wat akademies uitgestyg en Doktorsgrade verwerf het. Baie geluk, Michelle. Framesby is verskriklik trots!

By dieselfde geleentheid het verskeie ander oud-leerders ook grade verwerf, waaronder vier 2008 matrieks, Marzanne Barry, Jaco Horak, Elené Lourens en Louis van der Walt, wat almal die graad Mb Chb verwerf het en as mediese dokters gekwalifiseer het. Wonderlike prestasie!

MONÉ MOUTON VERWERF HAAR MSC IN FARMAKOLOGIE



Nog 'n oud-leerder waarop ons baie trots is, is Moné Mouton wat onlangs haar M Sc in Farmakologie verwerf het. Moné het eers haar B Sc aan die NMMU verwerf en daarna haar studies aan die NWU voortgesit. Sy het tydens haar studie by NWU 'n eerste prys vir haar navorsing gewen by die Wereldkongres vir Basiese en Kliniese Farmakologie in Kaapstad.

Veels geluk Moné. Framesby is bevoorreg om te kan spog met ons oud-leerders en wil jou net die beste toewens op jou pad vorentoe!

ONS VERNEEM GRAAG VAN NOG PRESTASIES VAN ONS OUD-LEERDERS!

I like to see a man proud of the place in which he lives.
I like to see a man live so his place will be proud of him

Abraham Lincoln